

Die Geloofsatleet 3



Zelda Pretorius

1e Uitgawe

April 2014

Indeks

1. Voorwoord
2. Drome en boodskappe - Inleiding
3. Die begin
4. Struikel en val
5. Beloftes van die Here
6. Die tyd van die dag
7. Doen wat aan jou gegee is om te doen
8. Wat is jou verwagting?
9. Die heerlikheid van die Here geopenbaar
10. Slot
11. Bibliografie

Voorwoord

2008 - Geloofsatleet 1:

Ek was onlangs gevra of ek bereid sal wees om eendag by die jeug van die gemeente te getuig oor my atletiek lewe in my jong dae. (Ek was in die ou bedeling nog 'n Springbokatleet gewees). Ek het geantwoord dat dit nie 'n probleem is nie, ek sal solank die voorbereidings doen, maar ek het nooit besef hoe 'n draai daardie vraag met my gaan loop nie.

Ek hoop om vandag vir julle 'n heeltemal nuwe beeld op sport te gee, veral as jy gedink het dat sport en Christenskap hand-aan-hand loop. Wat 'n verassing wag nie vir jou nie!

Ek gaan begin deur eers my lewe as atleet uit te beeld en daarna gaan ek daardie lewe in verband bring met die geloofsatleet wat ek nou is en vir altyd sal wees!

2009 - Die geloofsatleet 2; "Shout to the Lord"

Ek hoor gereeld: "Jy was nie 'n normale mens nie, jy het net altyd gehardloop." Maak nie saak wat ek doen nie, ek was nooit "normaal" nie. Ek het nooit "ingepas" nie, ek was nooit "deel" van die gewone lewe nie en dit het my soms gepla.

Nadat ek my 1e boek "Die Geloofsatleet" geskryf het, verstaan ek hoekom ek altyd "anders" was en ook sal wees. Wanneer 'n mens werk om 'n doelwit te bereik, sal jy jouself afsonder en fokus op jou doelwit. Baie min dinge sal jou van jou doelwit af wegtrek wanneer jy ernstig is.

Dit is waaroor "SHOUT to the Lord" gaan – hoe om jou af te sonder vir Gods Woord en nét so opgewonde, indien nie selfs meer, te raak in jou geloofswedloop nie. Ons gaan ook kyk wat beteken die begrip "SHOUT to the Lord!" en hoekom ons dit moet doen...

2014 - Die Geloofsatleet 3: "Burning with the Spirit!"

En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien. Joël 2:28

Gebeur dit vandag nog? Hierdie woorde van Joël, wat ook deur Petrus op die dag van Pinkster, herhaal is?

Drome en boodskappe - Inleiding

*En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees,
en julle seuns en julle dogters sal profeteer,
julle ou mense drome droom,
julle jongelinge gesigte sien.
Joël 2:28*

Gebeur dit vandag nog? Hierdie woorde van Joël, wat ook deur Petrus op die dag van Pinkster, herhaal is?

Ja, halleluja! Dit gebeur vandag nog! Die Here is getrou in Sy Woord.

Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Heb 13:8

Hoekom is dit vir my so belangrik om te weet of die Here nog deur drome en gesigte praat en dat Sy stem vandag nog hoorbaar is?

Omdat ek deelagtig geword het daarvan en moes kon onderskei wat van die Here af is en wat sommer net 'n menslike droom is. Ek glo ek is ook nie die enigste een met hierdie vraag nie...

Ek moes ook leer onderskei wat die droom beteken en op wie dit van toepassing is.

Dit is hoe my wedloop deur jare gevorder het: van 'n jong atleet (in die geloof) tot iemand wat vaste spys begin soek het en ek hoop ek kan weer eens vir iemand 'n program gee as voorbeeld tot sy/haar lewe.

Die begin

My boodskap vir my doopdag het gekom as volg:

*Daarom het Eli vir Samuel gesê: Gaan lê, en as Hy jou roep, moet jy antwoord:
Spreek, HERE, want u kneg hoor. 1Sam 3:9*

Ek het op daardie stadium al geweet en in my hart gevoel dit gaan my wedloop wees: dat die Here gaan spreek en ek moet luister. Hoe dit sou gebeur het ek nie geweet nie. Ek was baie "jonk" in gees maar het 'n doel gehad, 'n roeping... min het ek geweet wat hierdie versie in die toekoms vir my sou beteken.

In die begin jare het ek relatief stilte gehad oor drome. Die Here het wel my hart begin losmaak om goed te kon skryf. Iets wat ek nooit eers in my gedagtes gehad het nie. Ek het menigte van gebede en beloftes neergepen soos Hy dit op my hart gelê het en as ek nou daarop terug kyk kan ek nie dink dat dit deur my geskryf was nie. Wonderlike woorde, groter as my vermoë! Maar 'n mens onthou nie

altyd wat jy geskryf het nie, maar later het die drome gekom... en o wee, as daardie droom van die Here gekom het, is dit in jou geheue gegraveer, onuitwisbaar! Dit loop vir jare daarna nog met jou.

So ook wanneer die Here direk tot jou spreek. Onuitwisbaar! Dit verander jou lewe en jy is daarna nooit weer dieselfde nie. Dit is die tyd wat jy van 'n Christen verander na 'n kind van die lewende God... Nuwe lewe, nuwe krag, nuwe hoop!

Die pad daarna is beslis nie altyd maklik nie want jy betree nou vyandsgebied.

Struikel en val

En baie onder hulle sal struikel en val en verbreek en verstrik en gevang word. Jes 8:15

*Die jonges word moeg en mat, en die jongmense struikel selfs;
maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende;
hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie. Jes 40:30-31*

Hy kan jou voet nie laat wankel nie; jou Bewaarder kan nie sluimer nie. Ps 121:3

Ek het van die begin van my dae af gehoor: jy moenie hardloop nie, gaan stadig... maar dit is 'n taal wat ek nie verstaan nie. Van geboorte af het ek altyd moes hardloop. Dit is wie ek is. Daar het ook bitter min atletiek byeenkomste verby gegaan waar ek nie gestruikel en geval het nie – letterlik, maar elke keer het ek weer opgestaan en verder gegaan.

Dit is ook wie ek nou is. Ek word steeds gemaan om stadiger te gaan en ek verstaan dit, want so baie mense gaan verlore as hulle struikel, maar vir my.. in die momentum van my struikel word ek weer aangehelp om voort te gaan met nuwe krag want die Here help my op. Dit is Sy belofte! My Bewaarder sluimer nie en Hy sal my nooit begewe of verlaat nie. Ken jy Sy beloftes? Kan jy daarop staan?

Om terug te kom na die boodskappe en drome – soms hoor of droom jy iets en jy doen dinge volgens daardie woord, maar as jy nie die onderskeiding het nie, kan jy daarvoor struikel, ongeag of die Here se woord sê dat Hy nooit jou voet sal laat wankel nie, maar wonderlik sê Hy ook:

*My seun, verag die tug van die HERE nie, en laat sy kastyding nie jou weersin wek nie,
want die HERE tugtig hom wat Hy liefhet, ja, soos 'n vader die seun in wie hy behae het.
Spr 3:11-12*

Of so mooi in Engels gestel:

For whom the Lord loves He corrects

Het jy al ooit besef dat God jou liefhet? O ek sal daardie dag verlede jaar nooit vergeet nie toe die Here dit aan my bekend gemaak het nie! Ons almal weet dit en glo dit, maar het dit al ooit 'n werklikheid vir jou geword??

Dit is sulke oomblikke wat die Here aan my gee, wat maak dat ek net vinniger wil hardloop want dit maak die wedloop vir my groot – die strewe na my eindbestemming – die ewige lewe saam met Hom!

Wat gebeur as ons struikel en val?

Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus. Gal 6:2

Beloftes van die Here

Hier gaan ek nie veel sê nie, maar ek gaan skryf dit wat die Here in 2013 aan my gegee het in 'n tyd van nood:

*Ek is die Here
Ek is die Almagtige
Ek is jou Koning
Ek is die Alfa en die Oméga,
die eerste en die laaste
Ek is Wonderbaar, Raadsman, Sterke God,
Ek is Ewige Vader, Vredevors
Ek is naby almal wat My aanroep.*

*Ek is 'n skild wat jou beskut,
Ek is die Een wat jou hoof ophef
Ek hoor jou hulpgeroep
Ek verhoor jou van My heilige berg
Ek is met jou, wees nie bevrees nie
Ek ondersteun jou
Ek verlos jou
Ook versterk Ek jou.*

*Ek ken jou
Ek het jou by die naam geroep
Ek het jou geformeer
Ek leer jou
Ek lei jou
Ek het jou uitverkies
EK het jou aangestel om vrug te dra.*

*Ek is jou hoop
Ek is jou krag en jou psalm
Ek sal jou bewaar
Ek sal jou nie verlaat nie*

*Ek is die Here wat jou gesond maak
Ek is genadig
Ek is heilig
Ek is jou erfenis
Ek vergewe jou
Ek troos jou
Ek is jou hulp en jou redder
Ek is jou geregtigheid
En Ek lei jou na waters waar rus is*

*Ek is jou Herder
Ek is die Lewende Water
Ek is die Brood van die lewe
Ek is die Weg en die Waarheid
Ek is die Opstanding en die Lewe
Ek is die Christus*

*Ek gaan om vir julle plek te berei
Ek is sagmoedig
Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld*

*Ek is die lig van die wêreld
Ek is die wynstok
Ek is Jesus en my Naam is bo elke naam
Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap,
en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie.
Ek sal aan elkeen van julle gee
volgens sy werke
En Ek sal jou seën!
Amen!*

Tyd van die dag

Is daar 'n spesifieke tyd in die dag wat die dinge gebeur? Nee! Met Christus in my en ek in Christus, is tyd nie ter sprake nie, maar is Christus altyd in my en ek in Christus? Ongelukkig nie. Ons is nie altyd op ons plek nie, maar laat ons nie die Here beperk nie!

Ek persoonlik glo **drome** kom in die nag wanneer ons nie in beheer is meer van ons bewuste nie, dan kan die Here in ons onderbewussyn die droom – Sy woord - laat neerslag vind. Dan kry Hy kans om met ons te praat sonder ons inmenging.

Beelde kom dag en nag – wanneer ons in die Gees wandel – in aanbidding of in lofsang of in stilte voor Sy aangesig.

Sy Woord en Stem kom in gemeenskap met die heiliges, wanneer daar harmonie is tussen die wat saam vergader.

Wat doen ons met dit wat die Here aan ons openbaar? Laat ons dit maar net stil-stil verbygaan of oordink ons dit en doen wat aan ons gegee is om te doen? Skryf ons dit neer en getuig wanneer die woord bevestig is of hou ons dit alles vir ons self? Wat maak ons met die drome en gesigte wat aan ons toevertrou is?

Doen wat aan jou gegee is om te doen

Petrus het die Here Jesus 3 keer verloën voor die kruisiging. Na die kruisiging Het Jesus hom 3 keer gevra: Petrus, het jy my lief? Daarna het Hy hom gesê: Volg jy my!

Na die hemelvaart het Petrus saam met die ander vergader en gewag in Jerusalem soos die Here Jesus aan hulle beveel het tot op die dag waar die Heilige Gees uitgestort is. Toe het Petrus – wat voorheen gestruikel het, maar ook deur die Here weer opgetel is, opgestaan en gepraat en gehandel *“in boldness”!*

Is ons anders as Petrus? Het ons nie ook die Here verloën nie? Het ons nie ook gestruikel nie? Het die Here nie ook reeds aan ons bekend gemaak Sy liefde nie? Staan op en doen wat aan jou gegee is om te doen!

In ‘n wedloop kyk jy voor jou. As jy rond kyk gaan jy struikel. Jou oë is op die eindstreep gerig. Jou gees is gerig op die stem van jou afrigter om te hoor wat jou tyd is en waar die teenstander in jou wedloop is (as jy hom nie kan sien nie).

Waar is ons oë en ons gees gerig nou in die geestelike wedloop?

die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, ... Heb 12:2

*En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom.
Hand 2:17*

Wat is jou verwagting?

Elkeen van ons ken die geluid van die roomyskarretjie wat in die straat afkom met sy klokkie. Elkeen van ons het ‘n verwagting wanneer ons dit hoor, maar is jou verwagting reg? Ons is as kinders geleer daardie karretjie het “vrot vis” in, want dit was makliker om ‘n wit leuentjie te vertel as om die waarheid te sê dat daar nie geld was vir roomys nie.

As ons vandag die stem van die Here hoor, wat is jou verwagting? Is ons verwagting dat dit die leuen gaan wees (valse leringe) of is ons verwagting om in die teenwoordigheid van die Here te kom en Sy heerlijkheid te ervaar?

As atleet het ek altyd die verwagting gehad om vinniger te hardloop en te verbeter en die verwagting was 'n aardse kroon (Springbok kleure).

- Het ons dieselfde verwagting vandag?
- Het ons 'n strewe om meer heilig voor die Here te wees?
- Het ons 'n verwagting om die stem van die Here te hoor soos 'n klein Samuel van ouds? Soos Moses, soos Elia en Elisa?
- Het ons 'n verwagting dat die Here homself aan ons gaan openbaar?
- Het ons 'n verwagting soos deur die profeet Joël en die apostel Petrus voorspel van drome en gesigte?
- Het ons 'n verwagting om die ewige kroon te beërwe?
- Het ons 'n verwagting om onse Here Jesus te sien kom op die wolke?
- Het ons 'n verwagting...??

Die heerlijkheid van die Here geopenbaar

*En toe Moses van die berg Sinai afdaal—
die twee tafels van die Getuienis was in die hand van Moses toe hy van die berg afdaal -
het Moses nie geweet dat die vel van sy gesig blink omdat hy met Hom gespreek het nie.*

*Die wolk het die tent van samekoms oordek,
en die heerlijkheid van die HERE het die tabernakel vervul,
Die stem van die HERE is met krag;
die stem van die HERE is met heerlijkheid.*

*Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskaare.
Die hele aarde is van sy heerlijkheid vol!
Die drumpelposte het gebewe van die geluid van die roepers,
en die huis het vol rook geword.*

*Soos die gedaante van die boog wat in die wolk is op 'n reëndag,
(die teken van die verbond tussen My en die aarde)
so het die glans rondom gelyk.
So het die verskyning van die heerlijkheid van die HERE gelyk*

*Staan op, word verlig;
want jou lig kom,
en die heerlijkheid van die HERE gaan oor jou op.*

*Kyk, die HERE onse God het ons sy heerlijkheid en sy grootheid laat sien,
en ons het sy stem uit die vuur gehoor;
vandag het ons gesien dat God met die mens spreek en hy in die lewe bly.*

*Heilig, heilig, heilig is die Here God,
die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!*

Exo 34:29 Exo 40:34 Deu 5:24 Psa 29:4 Isa 6:3 Isa 6:4 Eze 1:28 Isa 60:1 Rev 4:8 Gen 9:13

Het die Here sy heerlijkheid al so aan jou openbaar -

- Dat jou gesig blink?
- Dat jy die rook sien of ruik?
- Dat jou drumpelposte bewe?
- Het jy die gedaante van die Here in die reënboog gesien in die glans van die laat middagson?

Slot

My wedloop is uniek, so ook is joune, maar die Here gee Sy Gees oor elkeen - dit wat hy nodig het. Is jy ontvanklik daarvoor en het jy 'n verwagting daarvoor?

En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien. Joël 2:28

Die Here sal Hom ook aan jou openbaar!

NEVER LAG IN ZEAL AND IN EARNEST ENDEAVOUR;

BE AGLOW AND BURNING WITH THE SPIRIT,

SERVING THE LORD.

EN JESUS SÊ VIR HAAR:


AS JY GLO, SAL JY DIE HEERLIKHEID VAN GOD SIEN

AMEN! HALLELUJA!

**Let your glory fill this house o Lord
Let your praises fill our mouth
Let each vessel offer unto you
A sacrifice of praise
For You alone are holy
You alone are worthy
You deserve the glory
Jesus you alone**



**Washed in His blood, saved by His grace
Filled with His Spirit, amazing love
I'm here to obey, Lord, I fall on my knees
And I worship, in spirit and truth**



Bibliografie

Die Afrikaanse Bybel, 1953 vertaling

e-sword

Amplified Bible